1 **November** **Skrifgedeelte: Johannes 6:53-71**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 27**

**Die kerk – almal wat hulle saligheid van Christus verwag**

In die huidige kerklike klimaat is die dalende lidmaatgetal ’n groot bron van kommer. Dit is amper ondenkbaar dat ’n dominee onder sulke omstandighede Sondag op die kansel sou klim en mense uitnooi om hulle lidmaatskap van die kerk op te gee. Tog is dit presies wat Jesus doen. Hy lewer een van sy dapperste preke. Hy stel sy dissipels voor die keuse om weg te gaan.

Baie neem die uitnodiging aan. Hulle verstaan Jesus glad nie. Hoe kan hulle sy bloed drink en sy liggaam eet!? Dit is nie meer lekker in Jesus se klein kerkie nie. Alles is so verwarrend en onseker en Jesus sê selfs nog erger dinge lê voor (vers 62). Dit mor en grom en stry onder mekaar. Baie pak hulle tassies. Hulle gaan maar eerder.

Let op! Dié wat agterbly, bly nie agter omdat hulle nie WIL weggaan nie, hulle bly agter omdat hulle nie KAN weggaan nie. “Na wie toe sal ons gaan?” vra Petrus (vers 68). Hy het dit dus oorweeg, maar daar is niemand, behalwe Jesus Christus, wat die woorde het wat die ewige lewe gee nie. Petrus en die ander bly agter, nie omdat alle onsekerhede uit die weg geruim, alle probleme opgelos en alle vrae beantwoord is nie – hulle bly agter omdat hulle die saligheid van Jesus Christus alleen verwag.

Tye van verwarring en onsekerheid kom nie sonder rede oor die kerk nie. Dit moet duidelik word vir wie dit werklik om die saligheid en om Jesus Christus alleen gaan. Nie alle mense in die kerk is so nie (vers 64), net hulle aan wie die Vader dit gegee het (vers 65).

*Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*